# AANGENAME KENNIS!

Hebreërs 1:1-4

AGTERGROND
** "Die Brief aan die Hebreërs is 'n aansporingsgeskrif wat gerig is aan 'n gemeente waar die gelowiges ernstige vrae oor hulle geloof en Christenskap begin vra het. Dit was waarskynlik tweede- of derdegeslag christene wat reeds ervaar het dat hulle geloof hulle blootstel aan lyding en vervolging. Hierdie ervaring het aanleiding gegee tot moegheid, moedeloosheid, twyfel en ontreddering. Die skrywer van hierdie geskrif wil hierdie mense wat begin twyfel het of dit die moeitewerd is om Christene te wees, aanspoor om vas te hou aan hulle geloof en om voluit kerk van die Here te wees in 'n vyandiggesinde wêreld. Die belangrikste manier waarop die skrywer sy lesers bemoedig, is om hulle aan te spoor om gefokus te bly op Jesus Christus."*
(Woordwyser 2005)
****Dit is meer 'n preek as 'n brief**. Dit begin byvoorbeeld nie op die gebruiklike manier waarop briewe destyds begin is deur te sê *van wie* die brief kom, *aan wie* dit gerig is en dan *'n groet* van die een of ander aard nie.
*****Wie het dit geskryf?** Daar is baie teorieë, maar ons weet tot vandag toe nie met sekerheid nie.

DOEN SKRIFLESING: Hebr 1:1-4; Kol 1:15-20

1. GOD REIK UIT NA MENSE
**Wat sê die eerste vers ons aangaande God?** Dit sê vir ons dat Hy met mense praat, dat Hy *uitreik* na mense. Op hierdie manier maak Hy homself aan hulle *bekend*.
Dit sê ook dat dit nie maar **'n nuwe gier** van God is nie, iets van die moderne tyd nie. Hy het nie met Jesus se optrede as't ware vir die eerste maal *uit sy dop gekruip* nie. Hy is **al lankal** daarmee besig.
Trouens, Hy het dit al *baie keer* en op *baie maniere* gedoen. **Baie maniere** beteken Hy het die waarheid aangaande Hom *stuk-stuk* openbaar, nie alles op een slag nie.
Amplified Bible: *"In many separate revelations – each of which set forth a portion of the Truth…"* - porsie-vir-porsie: Ons sou dit nie alles op een slag kon verteer nie. Die Living New Testament: *"Long ago God spoke in many different ways to our fathers through the prophets (in visions, dreams, and even face to face) telling them <u>little by little</u> about His plans."*
Dis soos stukkies van **'n legkaart** wat God deur die eeue aan die mensdom gegee het. Soos wat die stukke by mekaar gepas het, het die prentjie aangaande God en Sy wil en plan vir die mens *al hoe duideliker* geword.
Met ons **voorvaders** het Hy gepraat deur die *profete*, herinner die skrywer sy lesers. Ons weet byvoorbeeld van 'n Jesaja en 'n Jeremia, Haggai en Sagaria en baie ander wie se name ons in die Ou Testament sal vind.
God het ook **nie net op een manier** gepraat nie: Soms was dit deur *drome* (Jakob), ander kere deur *gesigte* (Jesaja), deur *tekens*, deur *stemme* (Samuel) en Hy het die Tien Gebooie selfs *op skrif* gegee.
**Petrus** skryf in sy tweede brief 1:21: *"…geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."* Hierdie profesieë is in die Ou Testament opgeteken.

2. GOD MAAK HOM IN DIE BYBEL AAN ONS BEKEND

Die Bybel van destyds en van vandag is dus **God se openbaring**, Sy bekendmaking aan ons. Hy maak Homself in die Ou en Nuwe Testament aan ons bekend.

Die **persone** van wie ons in die Bybel lees, is nie eintlik so belangrik nie. Dis met hulle amper soos met mense wat ‘n **toneelstuk** opvoer. Hulle tree almal op die verhoog op, maar dit gaan nie eintlik oor die akteurs nie. Dit gaan om **die betekenis van die toneelstuk**. Die toneelstuk self het ‘n **boodskap**. Netso het die geskiedenis waarvan die Bybel vertel self ‘n boodskap. Dis nie Abraham en Dawid en die ander wat so belangrik is nie, maar dit wat die verhaal self aan ons sê.

Dit gaan oor **die betekenis van die geskiedenis van die Bybelse mense** en nie oor die mense self nie. As ons dus die Bybelse geskiedenis bestudeer, is dit nie om die mense van die ou tyd beter te leer ken nie, maar om **die God van wie hulle getuig**, beter te leer ken.

**Genesis 1** handel byvoorbeeld nie oor die vraag hoedat die wêreld ontstaan het nie (of waar Kain ‘n vrou gekry het nie!) Dit gaan oor **die vraag**: Wie is God en wie is ons? Wat is *ons verantwoordelikhede* in God se skepping? En dit wil ons *troos* en ons *bemoedig* deur aan ons te sê dat hierdie wêreld God se eiendom is en dat alles veilig in sy hande is.

Daar is onlangs heelwat gesê oor die verhaal van **Noag** in Genesis 6. Dit is belangrik dat ons sal besef dat die *boodskap* van Gen 1-11 belangriker is as die vraag of alles *presies gebeur* het soos dit daar geskrywe staan. Genesis 1-11 is die proloog/ inleiding tot die hele Bybel. **Dit wil vir ons sê**: So, soos Adam en Eva en Kain en Nimrod en die mense van die sondvloedtyd en die mense van die toringstad van Babel, *lyk alle mense*. Maar *God is* ook soos Hy daar geteken word: altyd bereid om weer te vergewe en altyd bereid om weer die mense op te soek en met hulle ‘n ooreenkoms aan te gaan.

3. DIE PRENTJIE WORD AL HOE DUIDELIKER

Daar is ‘n **voortgang** in God se openbaring. Soos wat die tyd voortgaan, word die prentjie vir ons al hoe duideliker. Elke gedeelte moet derhalwe **getoets word** aan wat later in die Bybel staan. So moet die Ou Testament byvoorbeeld altyd aan die Nuwe Testament getoets word.

Dit is baie duidelik uit die **bekendmaking aangaande die Verlosser** wat gebore sou word. Dis byna soos ‘n **geheim** waarvan ons al hoe meer leidrade kry. *Adam* hoor dat Hy uit die saad van die vrou gebore sou word; *Abraham* dat Hy uit sy nageslag sou kom; *Jakob* dat Hy uit die stam van Juda sou wees; *Dawid* dat Hy uit sy nageslag sou wees; *Miga* dat Hy in Bethlehem gebore sou word en *Jesaja* dat dit uit ‘n maagd sou wees.

En dan vind die geboorte, **die ontknoping** van die geheim plaas! Die geheim is nie meer ‘n geheim nie! (*lees eerste sin*)

Hier sluit die skrywer by **Johannes** aan wat mos aan die begin van sy evangelie geskryf het oor Jesus as die Woord wat mens geword het, vlees en bloed geword het. Jesus was nie net God se Profeet wat Sy woorde aan ons kom *oordra* het nie – dit natuurlik ook en hoe fantasties het Hy dit nie kom doen met sy gelykenisse, wondertekens en preke nie! Maar Hy *was self* die Woord. Hy was self *die beliggaming* van God se wese. Duideliker kon God Homself nie kom bekend stel het nie. Vers 3 sê *“... Hy is die ewebeeld van die wese van God.”* Hy is uitgeknip sy Pa!

4. JESUS IS DIE EWIGE SEUN VAN GOD

Dit is nie al wat in hierdie inleidende verse oor Jesus gesê word nie. Die feit dat Hy **die Seun** genoem word, wil nie sê dat Hy ***jonger*** is as die Vader nie. Hy word Seun genoem as aanduiding van die *unieke verhouding* wat daar tussen Hom en God die Vader bestaan. God het Hom ook nie na sy geboorte op 'n dag as sy Seun ***aangeneem*** soos wat sommige beweer nie. Hy is self **nooit geskape** nie, inteendeel, hier staan God het die wêreld deur Hom geskep. Daardie Jesus wie se geboorte ons in hierdie dae vier, wat in die stal gebore is, was dus **van ewigheid af** daar. Wie met Hom te doen het, het met God self te doen. Ons stem NIE saam met diegene soos die Moslems wat beweer Hy was 'n profeet nes die ander profete nie. *"Ons glo dat die Seun van God, wat van die begin by God was, self God is. Op die bestemde tyd het Hy mens geword en onder ons kom woon."* (So Glo Ons)
(**Moderne gelykenis oor waarom Hy mens moes word**)
Sy werk is ook **nie afgehandel** nadat Hy vir ons sondes gesterf het nie. Nee, vers 3: *"Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."* Hy ontvang die hoogste eer, gesag en opdrag. Hy is die **maghebber** oor alles en almal, **verhewe bo** die engele of Maria of enige sogenaamde heilige of 'idol' wat ooit geleef het. Daarom is ons soos wat ons Donderdagoggend gehoor het, aan Hom die **hoogste eer verskudi**g.
Hy is ook nog elke oomblik by die skepping **betrokke**, want dit is HY wat dit volgens vers 3 met sy magswoord in stand hou.

4. FOKUS OP GOD SORG VIR PERSPEKTIEF
Geliefdes, **hoe bevoorreg** is ons wat vandag lewe nie om God so deur Jesus Christus, sy Seun, te mag ken nie! Sal ons ons nie voorneem om in die Nuwe Jaar **nog meer moeite** te doen om Hom **nog beter** te leer ken nie.
Daar lê nog *baie legkaartstukkies* rond! Boonop sal ons die legkaart nooit in hierdie lewe kan voltooi nie. Bou **saam met ander** en dit word 'n hele avontuur van nuwe ontdekkings. Dit is soms ook nodig om **regstellings** te maak. Ek mag ontdek dat ek Hom nog altyd vir my *verkeerd voorgestel* het. Probeer om nie *'n erediens of 'n stiltetyd* oor te slaan nie.
**Die versoeking** sal in 2009 weer daar wees om tou op te gooi of te verslap.
**Dit is deur op God te bly fokus dat ons perspektief behou!**

Amen
27/12/08